# Taffienuus Maart 2023

**Beste Tafelberg- Fotografieklub-lede**

Ons voel al in die lug dat die seisoen besig is om te verander. Gewoonlik verander die seisoen rondom Paasnaweek en begin almal rondloop om mooi herfs-foto's te kry. Soos met elke seisoen in die jaar, bied herfs weer nuwe foto-geleenthede. Die verskeie kleurskakerings maak 'n mens opgewonde om te gaan foto's neem. Onthou om jou kamera altyd saam te neem met elke uitstappie- Jy weet nooit wanneer 'n goeie foto in jou pad kom staan nie.

## 1. Wen-foto's van Maart 2023

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Foto van die Maand- (ook Wenner van vaste kategorie- scapes) Wolwedans landscape 8192- Neels Beyers** | **2de in vaste kategorie – Zelia Wreck – Dixon Norval** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Wenner Ope kategorie:**<br>**Hornbill with Insect: Dixon Norval** | **2de in Ope kategorie:**<br>**Relaxing at Cederberg Mountains: Mariana Visser** |

**Baie geluk vir al die uitstekende foto's !!! Daar was hierdie maand 74 foto's ingeskyf en die standaard was baie hoog regdeur die kompetisie. 26 foto's het goud ontvang en volgens die beoordelaar was die standaard van foto's baie hoog.**

Ek moedig lede aan om hulle foto's in te skryf – Dis al hoe jy groei as iemand jou foto evalueer en jy heeltyd probeer beter doen.

**Photovault uitslae**: Ons probeer altyd die uitslae op Photovault en die Maandelikse nuusbrief so vinnig as moontlik by ons lede kry. Die persone wat dit moet doen, staan egter ook voltyds in hulle onderskeie beroepe – so dit is nie moontlik om dit vinnig af te handel nie. Ons probeer dit egter ʼn week na die kompetisie afhandel. Dankie vir u begrip.

## 2. Spesiale Algemene Vergadering oor graderingsopdatering

**Ons het tydens die Algemene Jaarvergadering kennis gegee dat ons die graderingsproses in lyn met PSSA se nuwe riglyne gaan bring. Ons gee dus hiermee kennis van ʼn spesiale Algemene Vergadering om die implementering van die nuwe reëlings goed te keur op 25 April om 18:45. Ek gaan 14 dae voor die tyd aan u ʼn epos stuur met die nuwe riglyne ingesluit. Elkeen is welkom om sy/haar vrae aan my te stuur.**

**Wat behels die veranderinge:**

- Die PSSA het aan die bokant nog graderings bygevoeg. Daar is 8 Meestergraderings bygevoeg. Dit is Meester-brons/ Meester silwer/ Meester goud/ Meester diamant. Dan kan daar nog vier bygevoeg word nl. **Senior** -meester brons. silwer, goud en diamant
  Die motivering hiervoor is dat mense wat reeds Meester bereik het ʼn motivering moet hê om aan te hou groei en deel te neem. Hoe hoër die gradering is – hoe strenger word die vereistes. Ons verwelkom die beweging, want dit verhoed dat mense stagneer en help hulle om aan te hou groei.
- In Tafklub sal niemand se vorige punte verlore gaan nie, maar u punte net so oorgedra word na die nuwe gradering.
- Hulle beveel aan dat die puntetelling in beoordeling uit 15 moet wees. Dit is in lyn met die salonpuntetellings. Dan word die fotograaf ook gewoond gemaak aan die manier van punte gee by salonne. Op die oomblik het ons nog die tradisie om uit 30 te beoordeel. Ons beveel aan dat ons oorbeweeg na die puntetelling van 1-15.

## 3. Klub prestasie:

- **Uitslae van Salonne:**
  <u>**Internasionale salonne:**</u>
  Ons het die volgende uitslae ontvang:

  **** German International Photocup 2023**
  Mariana Visser – 11 aanvaardings
  Thomas Bothe – 10 aanvaardings en 1 medalje
  Alexa Bothe- 4 aanvaardings
  Hierdie span het gehelp dat Suid-Afrika die beste gedoen het by die German Internasional Photocub! Baie geluk.
  **** Nepal Photo carnaval 2023**
  Quintus Heine: 2 aanvaardings
  Karen van Zyl: 4 aanvaardings

  Op die PSSA se webtuiste word Internasionale salonne bekendgestel.

- **<u>Nasionale Salon</u>:**
  **Brandpunt salon**

  Neels Beyers : 1 aanvaarding
  Louis de lange: 2 aanvaardings
  Philip de lange: 2 aanvaardings
  Christo Giliomee: 10 aanvaardings en 2 Meriete
  Quintus Heine: 4 aanvaardings
  Dixon Norval: 5 aanvaardings en 1 meriete
  Theo Potgieter: 2 aanvaarding en 1 meriete
  Kobie Prinsloo: 2 aanvaardings
  Adriaan van Zyl: 2 aanvaardings en 1 meriete
  Karen van Zyl: 5 aanvaardings
  Mariana Visser: 1 aanvaarding

  Baie geluk julle – Ons is trots op julle

## 4. April se Byeenkomste

- Die volgende kompetisie datum is **25 April** en die tema is **Argitektuur**. Datum wanneer jou foto's ingeskryf moet wees, is **19 April**.
  Dixon het vir ons 'n skakel na 'n videofilm oor "fotografie van Argitektuur" gestuur wat die moeite werd is om te bekyk:
  https://www.google.com/url?sa=t&rct=j&q=&esrc=s&source=video&cd=&ved=2ahUKEwiR1tXn1s79AhWIaMAKHZtpDZ0QtwJ6BAgFEAI&url=https%3A%2F%2Fwww.youtube.com%2Fwatch%3Fv%3DZcs9uEQHjB8&usg=AOvVaw2iw2Le5GYYkf96D3HUTREw

- Op 11 April om 19:00 het ons hibriede vaardigheidsaand by Logos kerk. Dan help ons mekaar met Lightroom en Photoshop.
- Op 15 April. is daar 'n klub uitstappie na Stellenbosch – Laat weet asb. vir Juliane op ons whatsapp groep as julle dit kan meemaak.

## 5. Hoe moet jy ons klub-uitstappies benader?

- Ons uitstappies is vir ons baie kosbare fotografie-oefening. Jy besoek plekke wat jy nooit op jou eie sal besoek nie. Verder kry jy in 'n groep oefening vir die maandtema.
- Juliane vra normaalweg vooraf wie kan saamgaan en dan stig sy afsonderlike groep om reëlings deur te gee.
- Voor die uitstappie gaan kyk ek soms na videofilms op Youtube oor die tema – om myself te vergewis van die betrokke kamera stellings en wenke oor die betrokke tema. Ek oefen dit dan met die uitstappie – so begin ek 'n nuwe vaardigheid aanleer.
- Ons vorige uitstappie het ons die Slangkop ligtoring besoek en 14 mense het saamgegaan!!! Dit was so lekker. Ons wil u uitnooi om volgende keer saam met ons te gaan!

## 6. Lede betrokkenheid by Tafklub

Ons is 'n baie lewendige en energieke klub waar die meeste lede aktief betrokke is. Ons sien dit met die goeie inskrywings van ons kompetisies, uitstappies en deelname aan die vaardigheidsaande. Maar ons sien dit ook met mense se betrokkenheid by die klub se werksaamhede op verskillende terreine. Ons is dankbaar vir elke lid -vir wie dit moontlik is – se betrokkenheid by die klub. Daar is lede wat by die bestuur betrokke is, lede by koffie en tee maak, by klank, by beoordeling van ons kompetisies, met Zoom, by vaardigheidsaande, of ander betrokkenheid van een of ander aard.
Die bestuur het opgewonde gesels oor ons positiewe klublede en dat ons lede eienaarskap vir ons klub aanvaar. Ons is baie dankbaar daarvoor.

Dit is daarom vir ons belangrik om te kommunikeer dat geen klublede enige vergoeding vir werk vir die klub gelewer, gaan ontvang nie. Ons wil nie onderskeid tref vir mense wat iets vir die klub doen nie. Ons weet - lede verwag nie enige vergoeding nie, maar dit is goed om dit vir die klub te kommunikeer om enige persepsie wat daar dalk by iemand kan bestaan reg te stel. Of jy die klank hanteer, kompetisies beoordeel, admin doen of 'n vaardigheidsaand aanbied – Almal doen dit omdat hulle eienaarskap vir die klub aanvaar en ontvang geen vergoeding daarvoor nie. Ons gee slegs 'n klein honorarium vir mense van buite ons klub, indien hulle kom beoordeel of 'n vaardigheidsaand aanbied. Die bestuur behou die reg voor om in uitsonderlike gevalle 'n geskenkbewys vir iemand te gee om dankie te sê. Op hierdie manier hou ons die klub se uitgawes laag en kan ons die ledegeld ook onder beheer hou.
Ons wil vir elke lid baie dankie sê vir julle betrokkenheid.

## 7. Interessante artikels oor fotografie:

Hier is 'n paar interessante skakels wat Karen van Zyl aangestuur het:

5 Tips for Beautiful Natural Light Photography
How to Find the Best Landscape Photography Locations
5 Tips for Photographing in the Midday Sun
Posing Tip for Portraits – Which Way Should Your Subject Lean?

## 8. Welkom aan Nuwe lede

Ons klub het heelwat nuwe lede bygekry. Daar is nog wat graag wil lid word. Die volgende lede het nou formeel aangesluit.

- **Sarel van Zyl** van Windhoek. Sy belangstelling is natuur, landskap en wildsfotografie.
- **André Uys** van Oranjezicht. Haar belangstelling is Seascape, voëls, portret, wildlewe en astro
- **Ronel Nel** (was voorheen lid) van die Kaap.
- **Mark Lewis** (was voorheen lid) van Kuilsrivier. Sy belangstelling is Wildfotografie, Landskap fotografie en reisfotografie

Baie welkom julle – Ek hoop dat julle werklik baie vreugde saam met ons sal beleef!!

## Ten slotte:

Mag **April** vir julle elkeen 'n lekker herfs-foto maand wees –

**Onthou: Neem baie foto's !! As jy nie foto's neem nie – kan jy nie groei in jou fotografie nie!**

**Vriendelik Groete**

**Quintus**